

**Skriflesing:** Psalm 63: 1 – 12; Johannes 19:28-30

Teks: **Johannes 19:28**

**Sing: VOORAF SANG: Ps. 105:4, 22**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 61:1,3,4; Ps. 62:1,4; Ps. 42:1,4,5**

**Psalm 63: 1 – 12**

**Psa 63:1** 'n Psalm van Dawid, toe hy in die woestyn van Juda was.

**Psa 63:2** o God, U is my God, U soek ek; **my siel dors na U, my vlees smag na U, in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water.**

**Psa 63:3** Só het ek U in die heiligdom aanskou, om u sterkte en u heerlikheid te sien.

**Psa 63:4** Want u goedertierenheid is beter as die lewe; my lippe moet U prys.

**Psa 63:5** Só sal ek U prys my lewe lank, in u Naam my hande ophef.

**Psa 63:6** Soos met vet en vettigheid sal my siel versadig word, en my mond sal roem met jubelende lippe

**Psa 63:7** as ek aan U dink op my bed, in die nagwake oor U peins.

**Psa 63:8** Want U was 'n hulp vir my, en in die skaduwee van u vleuels sal ek jubel.

**Psa 63:9** My siel is aan U verkleef; u regterhand ondersteun my.

**Psa 63:10** Maar hulle wat soek om my lewe te verderwe, hulle sal kom in die onderste plekke van die aarde.

**Psa 63:11** Hy sal oorgelewer word in die mag van die swaard; die deel van die jakkalse sal hulle word.

**Psa 63:12** Maar die koning sal bly wees in God; elkeen wat by Hom sweer, sal hom beroem; want die mond van die leuensprekers sal gestop word.

**Johannes 19:28-30**

**Joh 19:28** Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was—sodat die Skrif vervul sou word—het Jesus gesê: **Ek het dors!**

**Joh 19:29** En daar het 'n kan vol asyn gestaan; en hulle het 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel (marjolein-tak) gesit en aan sy mond gebring.

**Joh 19:30** En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.

**Skriflesing:** Psalm 63: 1 – 12; Johannes 19:28-30

Teks: **Johannes 19:28**

**Sing: VOORAF SANG: VOORAF SANG: Ps. 105:4, 22**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 61:1,3,4; Ps. 62:1,4; Ps. 42:1,4,5**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in die gemeente het ons 'n aantal weke gelede met die kruiswoorde van Jesus begin. Vandag is Goeie Vrydag. Dit is die dag waarop al 7 die kruiswoorde uitgespreek was. Die Vrydag van 9h00 die oggend tot 3h00 daardie middag het dit alles gebeur. Ons is vandag by die vyfde kruiswoord en met die opstanding Sondag dan die voorlaaste kruiswoord – *Dit is volbring*. Alles alreeds vandag volbring, maar nog vóór dit gesê kon word, dink veral vandag aan die woorde – *Ek het dors* ... Hierdie is in die Grieks net 'n enkele woord - Διψῶ– dipso. Dit is die korste kruiswoord in klank en spelling. Maar watter verskriklike dors spel dit nie uit nie. Probeer u vir 'n oomblik in die woord van Psalm 63 maar ook Psalm 42 se dors indink. Eers Psalm 42- *Soos 'n hert in dorre streke, skreeuend dors na die genot, van die helder waterbeker /skreeu my siel na u o God/ Ja, my siel dors na die Heer, na die Lewensbron ... wanneer?* Wanneer ons dit sing besef ons hoe dit op Jesus saamtrek. Hy wat ook skeeuend, so dors die vorige kruiswoord die donkere nag ingeskreeu het- *My God, My God, waarom het U my verlaat?* U wat ook al deur die dorslande van die lewe moes gaan. Ons

wêreld het 'n ongekeerde droogte vir hoeveel jare moes deur, hierdie jaar is anders, maar hoe dors was julle velde nie?! Psalm 63 is ook 'n dors psalm – Hoe begin hierdie Psalm? *o God, U is my God, U soek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U, in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water.* As Dawid Psalm 42 skryf, hy skryf Psalm 63, dan is dit twee van die drie vlug psalms van Dawid. Dawid kon vlug, vir Jesus was daar geen wegvlug moontlik nie! Die vlug Psalms word tegelyk verskriklike dors Psalms!

Dawid is in die woestyn, daar waar hitte en oopte die kaalheid en die dorsheid van die lewe in alle dorheid ooplê. Lees ons die agtergrond van Psalms 63 dan is dit ook 'n vader-kind saak, ja dink aan die Vader/Kind uitspraak net in die vorige kruiswoord, waar die Kind sy Vader nie Vader kan noem nie. *My God, my God waarom het U my verlaat?*

Psalm 63 dan vlug die pa vir sy kind, Absalom wil Dawid doodmaak. 2 Samuel 15-18 gee die hele agtergrond. Ons besef eintlik is al drie die opeenvolgende Psalms, Psalm 61-63 rondom hardloop gebeure saamgetrek. 'n Pa wat vir sy kind moet weghardloop, wanneer word dit dalk 'n poging om van die lewe weg te kom. Hoe baie dors, hoe baie doodsheid lê daar ook in ons gemoed as ons vir die lewe probeer weghardloop. Die pa in sy vlug is dors, die pa is al moeg weggehardloop, dis asof hy hierdie drie Psalms in sy hardloop gedig het. Psalm 61 is daar vir Dawid 'n bergkrans wat vir hom voel dit is hoog vir my. In my vlug hardloop ek my teen die berge vas. Dit maak mens alreeds dors. Dis waar hy vir God vra, dit met 'n dorstige stem- *Lei my op 'n rots wat vir my te hoog is.*

Ja, net die volgende vlugpsalm, Psalm 62 voel dit nie alleen of hy teen die berge vashardloop nie, maar hy hardloop ook teen die mure van die lewe vas. Sy vyande het hom nou al só verrinnweer. Hy sê hulle wou my verbrysel - Hy vra in vers 4: *Hoe lank sal julle aanstorm op 'n man, julle almal hom verbrysel soos 'n muur wat oorhang, 'n omgestote klipmuur?* Psalm 62 besef Dawid al is ek hoe dors, dit help nie ek drink water maar my siel bly dors nie! In my hart moet daar water kom. My hart moet reg wees. Dit help nie om liggaamlik vry te kom maar in my siel het ek geen gemoedsrus nie. Dis waar Dawid in die Psalm smag na stilheid. Dis waarom hy hierdie Psalm begin met die verlange na stilte ... *Ja, my siel is stil tot God; van Hom is my heil.*

Psalm 63 ja drie Psalms in 'n ry, hardloop-psalms, dors psalms- vlug psalms - al drie trek op 'n manier in Jesus se vyfde kruiswoord saam- *Ek is dors*. Psalm 63 is in die woestyn van Judea geskryf. Dawid het wel sy pa en ma by hom gehad toe hy kon vlug. Dawid het in die berge van Moab met sy pa en ma weggevlug, onthou weer Jesus het in sy grootste angs nie eers sy Vader by Hom gehad nie- *My God, my God, waarom het U my verlaat?* Eers het Dawid hom teen die berge van die lewe vasgehardloop (Psalm 61), Psalm 62 hardloop hy hom teen die mure van die lewe vas, in Psalms 63 hardloop hy hom teen die bosse van die lewe vas. Ons lees in 1 Sam 22 die agtergrond by die Psalm hoe Dawid in Juda in 'n bos met die naam van Heret geskuil het. Dit is 'n droë wêreld, daar is nie water nie, net die verskraalde lappe doringbosse. Daarbinne skuil hy, maar dis asof hy hom ook maar eintlik teen die bosse vashardloop. Ja, die wêreld lyk soos ons wêreld verlede jaar hierdie tyd. Die vraag was, sal ons ooit weer water kry?! Psalm 63 vers 2 lees ons *o God, U is my God, U soek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U, in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water*. Daar in die bos kry Dawid vir hom en pa en ma darem 'n slaapplekkie ingerig. As u dan die Psalm mooi lees, kyk wat gebeur! Dawid lê op sy rug op sy kombersie tussen die bosse en hy sien die hemelkoepel, dit wat vir Jesus daardie Vrydag 'n toe hemel was. *My God, my God* (waarom het U vir my die hemel toegemaak) – *waarom het U my verlaat ...*

Vir Dawid word dit 'n oop hemel. Met sy bondeltjie klere, onthou Jesus se naaktheid, Jesus het in sy dors geen klere aangehad nie, met Dawid se kombers, kry hy hom darem bietjie toegevou, by Jesus geen kombers nie, nee eers 'n onderkleed nie, Dawid maak vir homself 'n bed, op hierdie oomblikke was Jesus se bed, die kruispale waaraan Hy gehang het, wie kan dit 'n bed noem?! Die kruis 'n bed? ... nooit, nee dis 'n hangplek, 'n bloeiplek, 'n slagplek Dawid het darem iets van 'n bed gehad. En daar in die bos, op sy kombersie in Psalm 63, al het Dawid hoe dors, word hierdie bed Dawid se tempel. Dit word sy kerk. Hy dink aan God daar tussen die lappe doringbosse, hy skryf dat hy peins in die nagwake. Dawid dink, hy peins, waar hy God se sterkte, God se tempel, God se heerlikheid weer kan sien ... op sy kombersie dink hy vers 3 - *ó het ek U in die heiligdom aanskou, om u sterkte en u heerlikheid te sien. Want u goedertierenheid is beter as die lewe; my lippe moet U prys*. Al is dit ook sulke droë lippe, maar dis lippe wat wel God se goedheid kan prys. *Want u goedertierenheid is beter as die lewe; my lippe moet U prys*. Dis woorde wat Jesus nie kon uitspreek nie. Ja, Jesus se droë lippe wat van

geen goedheid van God op daardie oomblikke kon praat nie ... met baie droë lippe is die vraag gevra – *my God, my God waarom het U my verlaat?* En op hierdie Goeie Vrydag, ja juis vandag bevestig Jesus die droogheid van sy lewe, maar ook sy lippe – *Ek is dors*. Ja, geliefdes, ons het ons ook al teen die berge van die lewe vasgeloop, teen die mure vasgeloop, in die bosse vasgeloop, u het sekerlik ook al baie dors gehad, liggaamlik dors, geestelik dors soos Dawid in sy drie hardloop-psalms ... vlug-psalms, maar weet verseker u was nog nooit so dors soos Jesus toe Hy gesê het- *Ek het dors* ... Διψω

\*\*\*

Luister tog wel weer mooi na ons tekswoorde. Dit is verskriklik wat daar staan, maar daar is alreeds 'n paar druppeltjies van oorwinning ter sprake. Jesus se lappie doringbos wys ook iets van 'n wolkie, al is daar nog nie water nie. Van die hout van 'n bos was sy bed sy kruis maar dan lees ons - *28 Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was—sodat die Skrif vervul sou word—het Jesus gesê: Ek het dors! 29 En daar het 'n kan vol asyn gestaan; en hulle het 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel gesit en aan sy mond gebring.*

\*\*\*

Dis belangrik dat ons heeltyd raaksien ons lees hierdie vyfde kruiswoord spesifiek in die evangelie van Johannes. Johannes is die evangelis wat altyd God se heerlikheid wil beklemtoon. Hy wil ook hier Jesus se goddelike heerlikheid vooropstel. Die bos gee uitsig ... die kombesie kan 'n tempel word. Jesus wat die Skepper en Herskepper van hemel en aarde is, dink jou dit in, hier hang Hy met gebarste lippe aan die kruis, gebarste lippe van dors.

Daardie verskriklike wat die vierde kruiswoord was – *My God, my God waarom het U my verlaat* ... Dit was drie ure donker op aarde, hoe donker was dit nie in Jesus se siel en gees nie, hoe donker was sy hele gemoed toe Hy die vierde kruiswoord, onder woorde moes bring, wat ons nooit eintlik heeltemal onder woorde kan bring nie. Hy het verskriklike geestelike lyding moes deurgaen, maar kom ons vandag by die vyfde kruiswoord is dit ook 'n openbaring van Jesus wie se liggaamlike lyding in die kortste van al die kruiswoorde geuiter word - Διψω—dipso – *Ek is dors/ Ek het dors*. Ons hoor duidelik iets van Jesus se liggaamlike marteling en smarte. Hoe sou sy liggaam nie teen die tyd al uitgemergel gewees het nie.

'n Keer het 'n medikus Jesus se liggaamlike toestand soos volg beskryf. Dink op hierdie Goeie Vrydag ook net vir oomblikke daaraan watter toestand sy liggaam teen hierdie tyd moes wees. Sy liggaam wat in 'n onnatuurlike houding, nou al omtrent vir 6 ure moes wees, arms opwaarts en sywaarts (dis geen bed nie, dis 'n kruis!); hoe moeg word ons as ons net bietjie lank met ons arms bo ons kop moet werk. By Jesus sou dit ondraaglike marteling moes wees want sou 'n arm of been net effens beweeg sou dit die spanning en pyn in die verrekte spiere net nog meer vererger. Boonop is die spykers deur sy hande en voete geslaan, dis die dele van die liggaam waar die gevoeligste spiere en senings saamkom en delikaat verweef is. Dan sê die medikus verder, ons moet onthou teen die tyd, nou omtrent drie-uur die middag is Jesus se oop wonde direk aan die natuur blootgestel gewees, dit het reeds ontsteek begin raak, die noodwendige gevolg sou 'n geweldige koors moes wees, liggaamshitte wat net bly styg, die groeiende ontsteking sou elke uur toeneem. En dan voeg die medikus op die einde toe – die bloed word deur die spanning van die ledemate verhinder om die are te vul en geredelik daardeur te vloei. Gevolglik swel die bloedvate van die kop en 'n verskriklike hoofpyn sou ontstaan, wat met die klop van die hart sou vererger.

Hierdie vyfde kruiswoord spreek ons eerste aan in die verskriklike van liggaamlike dors wat daar moes wees (baie erger as Psalm 42 se dors, nog veel erger as Psalms 61-63 se dors!), maar dit sluit nie uit die geestelike dors wat daar ook sou wees na die benoude godverlatenheid nie. Dis eintlik twee soorte dors wat bymekaarkom as Jesus sê – *Ek is dors ...* Kan ons ons hierdie tipe dors ook na behore probeer indink, ja ook baie moeilik soos wat dit moeilik is om kruiswoord na kruiswoord jou behoorlik in te dink.

\*\*\*

Johannes wat hierdie kruiswoord uitlig, die man wat die heerlijkheid van God wil besing is eintlik besig om ons te laat verstaan dat Jesus wat alle mag in die hemel en op die aarde besit, Hy het verkies om dors te wees. Hy kan die wolke na die bos gebied, God kan dat daar 'n nattigheid op 'n spons na Jesus se mond oorgebring word. Het u agtergekom hoe Johannes dit na ons oorbring. Dis asof Hy Jesus in sy verskriklikste dors steeds beheers na vore laat kom. Joh. 19 vers 28- Ek lees ook uit die 2020-Vertaling: *Hierna het Jesus, omdat Hy geweet het dat alles reeds volbring is en sodat die Skrif vervul sou word, gesê: Ek is dors. Daar het 'n kruik vol suur wyn gestaan.*

*Hulle sit toe 'n spons vol suur wyn op 'n marjoleintak en bring dit na sy mond. Toe Jesus die suur wyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring.*

\*\*\*

Johannes slaag op treffende wyse om nie net die vyfde en sesde kruiswoord direk in verband met mekaar te bring nie. As Johannes beklemtoon, Jesus neem nou die suur wyn waar Hy dit koninklik 'n ruk terug nog sou weier, want toe moes daar nog meer vanuit die Psalms vervul word, nou is dit anders, nou het Jesus reeds volbring dit wat in sy heerlijkheid alle heerlijkheid van Hom gestroop het, nou sal Hy hierdie wyn neem. Tog laat Jesus nie na om God se Woord in alles te volbring nie. Hierdie vyfde kruiswoord is ook die vervulling van God se profesie in Psalm 69 vers 22- Nou weer 5 psalms na Psalm 63 ... die berg, die muur, die bos loop oor in 'n bietjie asyn ... *En hulle het aan my gal gegee as my spys, en vir my dors het hulle my asyn laat drink.*

Tog kan ons net weer flussies na die Psalms terugkeer, dis so aangrypend. Psalm 63 beskryf iets van verskriklike droogte, verskriklike dors, dan kom Psalms 65 en beskryf die wonder van reën! Dit was ook in die dae vir ons 'n wonder is! U moet eintlik die hele Psalm lees- hoor net vv 11-14: ) *U maak sy vore nat, sy kluite gelyk; deur reënbuie maak U dit week; U seën sy uitspruitsel. U kroon die jaar van u goedheid, en u voetspore drup van vettigheid. Die weivelde van die woestyn drup, en die heuwels gord hulleself met gejuig. Die weivelde is bekleed met troppe kleinvee, en die dale is bedek met koring; hulle juig, ook sing hulle. Soveel water, soveel reën in Psalms 65, soveel nattigheid het Jesus nie kon ontvang nie, maar tog wel 'n bietjie asyn, sonder gal, let wel, sonder gal... Jesus vervul Psalm 69 maar nie in die gal gedeelte nie ... *En hulle het aan my gal gegee as my spys, en vir my dors het hulle my asyn laat drink.**

Kom ons die 2020-vertaling ook weer hier mooi lees- Die marjoleintak wat ons in die vertaling van lees- dit is die plant *Origanum syriacum*- het gewoonlik teen mure gegroei, baie keer ook teen paleise se mure en dit is gebruik om reinigingswater te sprinkel. Die suur wyn word nou met so 'n marjoleintak na Jesus uitgesteek – natuurlik is die tak ook weer 'n gespot met sy koninklike soos wat die riet dit ook vroeër was. As Jesus vroeër die mengsel van gal en wyn sou drink, dan sou Jesus toegee aan soldate-medisyne, want het so 'n drankie die verstand kon verdof teen die vreeslike lyding omdat daar iets van 'n beswyming kom. Met opset, ja koninklik in

beheer het Jesus dit vroeër geweier. Hy moes eers die straf van die sondes dra. Dit dui Johannes duidelik aan. Nou kan Hy koninklik vra, al kom Hy alles behalwe as Koning voor, so seer en gehawend sou Hy teen die tyd in sy voorkoms wees, maar die Skrifte moet nougeset vervul word. Hy vra soldatewyn sonder gal, want dit is juis die gal wat die verdowende effek gegee het. Dit laat iets van 'n lafenis in hierdie verskriklikste dors na vore kom, (die bos kry 'n druppel) maar kon dit regtig sy dors wegneem. Ek laat aan u hierdie vraag op Goeie Vrydag oor. Sou 'n bietjie asyn kon help, bietjie suur wyn, maar tog moet ons die pad van God weereens in al die kruiswoorde bymekaarbring. Die reën van God se oordeel, die reën van God se straf, die reën van God se toorn, ja die bliksem en die lig, die weer in sy gedreun, dreun en reën op Jesus neer en al wat hy kry is 'n bietjie suur wyn, dat die reën van God se genade, die water van God se liefde, die strome van God se hoop na jou en my aangevloei kan kom, juis vanuit Goeie Vrydag.

Broeder en suster, vier hierdie dag met die slotwoord wat die grootste woord is wat daar kan wees nl. God se liefde. Die eerste kruiswoord was God se vergewende liefde (*Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie*), die tweede kruiswoord was God se verlossende liefde, dit aan die misdadiger (*Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees*), die derde kruiswoord was God se versorgende liefde, dit aan sy moeder (*Vrou daar is jou seun, seun daar is jou moeder*), verlede Sondag was ons by God se verblindende liefde (*my God, my God, waarom het U my verlaat*), vandag op Goeie Vrydag, sien tog in daardie paar druppels asyn, ook raak, God se verkwikkende liefde as Jesus sê – Διψῶ – EK HET DORS. Om dan Sondag te mag kom by die volbragte liefde (Sondag is die graf al oop) wat ook kon word – versoenende liefde. Dit wat DV 18 April God se liefde sal wees.

AMEN